Diensnuus

ONS GEE GOD SE HOOP EN LIEFDE AAN

**Sondag 11/6**

**BIDDAG VIR JEUG & KATEGESE**

09:30 Erediens / Kategese Afsluiting

Deuroffer: Inst.Vir Blindes

Diensbeurt: De Baan

Gestuurde leraar: Ds. Willem Lubbe preek by Greyton.

**Sondag 18/6**

**VADERSDAG**

**NASIONALE DAG VIR BLINDES**

09:30 Erediens

Deuroffer: Rotariër—Huis

Diensbeurt: De Kuil

## Gesonde families is gelyk aan 'n gesonde samelewing

deur Stephan Joubert

Op 'n dag is die beroemde psigiater, Viktor Frankl (1905-1997), in kennis gestel dat sy visum gereed was om na die VSA toe te emigreer. Dit was gedurende die Tweede Wêreldoorlog toe hy en sy familie in Wenen gewoon het. Vervolging van Jode was toe daar in Oostenryk aan die orde van die dag.

Op pad terug huis toe met sy visum, kom daar toe groot twyfel in sy hart. Wat sal van sy ouers word? Moet hy hulle oorlaat aan hulle eie lot daar in Wenen? Toe hy tuiskom, tref hy sy pa in trane aan. Hulle sinagoge is pas deur die Nazi's afgebrand. Toe wys Viktor se pa vir hom een stukkie graniet, wat hy uit die brandende gebou kon red. Een letter van die Tien Gebooie was daarop geskryf, een uit die vyfde gebod, wat lui: Eer jou vader en jou moeder! Toe bel Frankl die ambassade net daar en kanselleer sy visum. Later in Julie 1942 is hulle na die konsentrasiekamp in Theresienstadt gedeporteer, waar sy pa uiteindelik gesterf het. Sy vrou Tilly het in Bergen-Belsen gesterf en sy jonger broer naby Auschwitz. Viktor Frankl en sy suster het egter vier doodskampe oorleef, waar hyself ook gedurende die oorlog aangehou is.

Viktor Frankl se liefde vir sy familie gryp my aan die hart. Hy het gedoen wat die Here van ons in die Tien Gebooie vra. Nooit verval hierdie opdrag dat ons as kinders ons ouers moet liefhê, eer en versorg nie. In dieselfde asem moet ons as ouers ook ons kinders met liefde versorg, lei, en dra. In Efesiërs 6 roep Paulus ons as ouers juis op om nooit onbillik of liefdeloos teenoor ons kinders te wees nie. Ouers en kinders is altyd daar vir mekaar. In die taal van Deuteronomium 6 praat ouers met hulle kinders oor die Here, wanneer hulle saam aan tafel is en ook as hulle op pad is. Die Here se eer in Godvresende huisgesinne staan voorop. Dan wen liefde. Dan wen God se wil. Dan word die fondamente vir 'n gesonde samelewing reg gelê.


Terug hier in Caledon. Ons dink vandag aan hoe ons hemelse Vader vir ons as pa's 'n voorbeeld is. Wat ons kan leer oor die moeilikheidsgraad van ons aardse bestaan, en steeds besef ons is in God se koninkryk.

Wat maak die skrywe oor Viktor Frankl in jou wakker? Spandeer die week tyd as gesin in ons Vader se teenwoordigheid.

*Mooi week, Dewald*




| Noemnaam | Van | Verjaardag |
|---|---|---|
| Samantha | Brink | 06/09 |
| Pieter | De Kock | 06/09 |
| Martelize | Jordaan | 06/09 |
| Riëtte | Steyn | 06/09 |
| Hanlie | Du Toit | 06/10 |
| Francois | Ellis | 06/10 |
| Lize | Le Roux | 06/10 |
| Jean-Jacques | Simonis | 06/10 |
| Hanno | Stofberg | 06/10 |
| Luandri | Liebenberg | 06/11 |
| Johnèl | Visagie | 06/11 |
| Ana | De Kock | 06/12 |
| Bianca | De Kock | 06/12 |
| Christel | Mouton | 06/12 |
| Mari | Rademan | 06/12 |
| Marli | Van der Mer-we | 06/12 |
| Lambert | Badenhorst | 06/14 |
| Andre | Barnard | 06/14 |
| Wouter | Schagen | 06/14 |
| Rozanne | Von Willigh | 06/14 |
| Manda | Fick | 06/15 |
| Willie | Pretorius | 06/15 |
| Ronel | Conradie | 06/16 |
| Daniël | De Kock | 06/16 |
| Juandrè | Delport | 06/16 |
| Gerrie | Hauman | 06/16 |
| Rhuan | Jordaan | 06/17 |
| Gideon | Krause | 06/17 |
| Mariné | Theunissen | 06/17 |
| Alwyn | Van Zyl | 06/17 |
| Henriek | De Wet | 06/18 |
| Lean | De Wet | 06/18 |
| Mornè | Groenewald | 06/18 |
| Vicky | Hugo | 06/18 |
| Francois | Nagel | 06/18 |
| Amanda | Wolfaardt | 06/18 |




# Voorbidding

Ons dink aan Liz Fourie en familie met die afsterwe van haar Moeder.

Dawie Crous en Marita Volgraaf met hul moeder tannie Hebsie wat oorlede is.

Bid vir versorging van ons bejaardes.

**Preeknota's**: 11 Junie 2023

**Teks**: Gen. 24 (veral die 2 gebede van Abraham se slaaf)

**Tema**: Slaaf en Meester in die Vader se versorging

Gen.24 is die langste hoofstuk in Genesis. Ons tref hier die verhaal aan van hoe daar vir Isak 'n vrou gevind is in Rebekka.

Lees gerus die verhaal en leef jou in, in die verskillende reëls en gebruike van die tyd.

Hier volg 'n paar vrae wat jou gedagtes kan rig, laat toe dat die Heilige Gees jou ook vorm as God se kind hierdeur.

Hoe sou jy die 600 km kon stap om vir iemand anders se kind 'n vrou te gaan soek?

Wat se eienskap van Rebekka kom na vore as sy aan die einde van haar dag nog paar ure neem om 'n vreemdeling en sy 10 kamele te versorg?

Hoe klink jou gebede in tye van onsekerheid? (vers 12-15 en 26-27)

Waar vind jy jouself? (Die slaaf moes gestap het na die regte plek) Die vraag kan ook wees waar is die regte plek vir jou in God se koninkryk?

Kyk jy in die regte rigting? Wanneer die moeilike uitdagings in jou lewe is – kyk jy na jou Vader?

Doen jy die regte ding?

Pinkstertyd wys ons op die Heilige Gees se leiding en dit gee ons troos om die praktiese lewenstake te verrig.



# VADERSDAG

18 JUNIE 2023



## NETHERCOURT CALEDON RAPPORTRYERS WINTERDANS

DATUM: Vrydag, 21 Julie 2023
PLEK: Nethercourt Plaas
TYD: 19H00
PRYS: R150 p/persoon



- Bring eie drank en eetgerei. Ete ingesluit.
- Vir besprekings kontak:
  Jaco: 072 244 1173 / Wessel: 083 406 9079
- Kaartjies beskikbaar by Caledon Ford en Electronics Inc.

## SO HOU ONS KONTAK!

Kerkkantoor: 028 212 1202
ngkcaledon@twk.co.za

Kantoor Whatsapp-nommer:
072 807 3192

Ds. Dewald du Toit:
028 212 1332 /082 940 4901
dutoitdewald@yahoo.com

Ds. Willem Lubbe:
082 718 7298
willemlubbe@hotmail.com

Webblad: ngcaledon.co.za

Facebook: NG Kerk Caledon Moedergemeente

Bankbesonderhede: N.G. Kerk Caledon,
NEDBANK Tjekrek: 1835 010 229
Takkode: 183509

Snap here to pay
SnapScan